



Swartland Canolakompetisie


Sakkie Slabbert, sakkies@elsenburg.com

Canola word sedert 1993 gesaai deur kommersiële boere in die Swartland. Aanvanklik het die oppervlakte onder produksie vinnig gegroei tot 2003 en daarna gestagneer en weer gedaal weens lae opbrengste en lae pryse, oftewel lae winsgewendheid. Sedert 2010 het die oppervlakte onder canola egter konstant gestyg van 5 000 ha in 2001 tot ongeveer 14 000 ha in 2013, danksy beter opbrengste en pryse.

Met hierdie nuwe produksie van 'n olie-saadgewas wat ook hoëproteïen-oliekoek as byproduk kan lewer, het die Proteïen-navorsingstigting (PNS) (voorheen die

Proteïennavorsingstrust) baie belangstelling getoon in die bevordering van canola. Die PNS het toe die Wes-Kaapse Departement van Landbou in 2001 genader om hulle te help met die bevordering van canolaproduksie deur middel van voorligting en navorsing. Hieruit is die Swartland Canolakompetisie gebore, soortgelyk aan die Sojakompetisie in Natal, om die voorligtingaksie van stapel te stuur.

Die kompetisie was deel van 'n oorhoofse strategie deur die PNS om canolaproduksie te bevorder. Die PNS het 'n werkgroep gevorm wat verskeie rolspelers ingesluit het,



Alhoewel die jongste uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) die korrekte spelling as kanola aandui, is canola in hierdie artikel behou, omdat dit die algemene gebruiksvorm is.

naamlik departementele navorsers, voorligters, die kunsmisbedryf, die landbouchemiesebedryf, die saadverskaffers, die verwerkers, ens. Die aanvanklike agenda was om mikpunte en knelpunte van die canolabedryf te identifiseer.

Ná deeglike oorweging is besluit canolaproduksie behoort bevorder te word omdat dit die boeregemeenskap in die Swartland finansieel meer kan bemagtig. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word, onder meer dat canola as wisselbougewas met koring en ook as 'n kontantgewas verbou kan word en dat canola-oliekoek 'n be-

langrike proteïenbron is en Suid Afrika baie kan bespaar aan valuta wat nodig is om dierlike proteïen in te voer.

Die verbouing van canola is aanvanklik as riskant gesien weens lae winsmarge en die swak kennis van dié kommoditeit (saaidigtheid, bemesting, ens.). Verkeerde persepsies van die voordele (onkruidbeheer, siektebeheer, ens.) en winsgewendheid van canolaverbouing het die bedryf ook skrikkerig gemaak.

'n Omvattende voorligtingsaksie is van stapel gestuur om hierdie probleem aan te spreek. Sekere mikpunte is ook gestel,



Sedert 2010 het die oppervlakte onder canola egter konstant gestyg van 5 000 ha in 2001 tot ongeveer 14 000 ha in 2013, danksy beter opbrengste en pryse.

bv. om jaarliks $\pm 100\ 000$ ha in die Wes-Kaap met canola te beplant en om die opbrengs tot ± 2 ton/ha te verhoog. Dit het verdere navorsing deur sekere rolspelers behels, wisselboudemonstrasies, boere-inligtingsdae en dan nou die Swartland Canolakompetisie. Dié kompetisie is basies 'n studiegroep van canolaprodusente, wat canolaverbouing beter wil leer ken.

Met die aanvang van die kompetisie in 2001 is boere aangemoedig om deel te neem. Hierdie boere sou die kern van die "studiegroep" vorm en moes die vroeë aanvaarders en uitvindings van goeie praktyke wees. Hulle moes dus as voorbeelde dien.

Die kompetisie begin met 'n besoek aan die deelnemer waar hy besluit watter kamp hy gaan inskryf. Tydens die besoek word grondmonsters van die kamp geneem en 'n planttelling gedoen.

Later, gedurende die groeiseisoen, word die ingeskrewe kamp 'n tweede keer besoek. Dan word die deelnemer se onkruidbeheer en insekbeheer geëvalueer. Daar word ook gekyk na die algemene groeikragtigheid van die plante. Tydens hierdie besoeke word canolaverbouing in die algemeen met die deelnemers bespreek. Die besoeke word ook gebruik om die canolakompetisie se datavorm in te vul.

Gedurende Augustus/September word een of twee velddae gehou, waar die deelnemers op toere geneem word na die ander deelnemers se kampe. Tydens hierdie velddae (foto bo) word ander kundiges ook saamgenooi om te help om die deelnemers se vrae te beantwoord. Deelnemers se produksiepraktyke word bespreek en/of gekritiseer. Enige siektes (foto op vorige

blad), insekte, onkruid, kultivars, bemesting en bewerkingspraktyke wat van belang en waarneembaar is, word dan aan die deelnemers gedemonstreer.

Met oes of daarna, word oes- en oestegnieke met die deelnemers bespreek, datavorms word bygewerk en canolamonsters geneem om proteïen- en olieontledings te doen.

Die inligting van die datavorms word dan soos volg verwerk:

- Saaidigthede, bv. die gemiddelde geweege opbrengste van al die deelnemers wat tussen 4.1 en 5 kg gesaai het teenoor die geweege gemiddelde opbrengs van die deelnemers wat tussen 5.1 en 6 kg gesaai het, word bepaal.
- Stikstofbemestingspeile, bv. die gemiddelde geweege opbrengste van al die deelnemers wat tussen 61 en 80 kg stikstof toegedien het teenoor die geweege gemiddelde opbrengs van die deelnemers wat tussen 81 en 100 kg toegedien het, word bepaal.
- Ander produksiefaktore wat ontleed word, is saaityd, plantdigthede, kultivars en plantmetodes.
- Elke deelnemer se marge bo veranderlike kostes word bereken om sodoende sy winsgewendheid te bepaal (wat ook met 'n prys beloon kan word).
- Die deelnemer met die hoogste opbrengs word bepaal en as wenner aangewys.

Hierdie inligting word elke jaar in 'n verslag opgesom en ontleed. In hierdie verslag word ook soveel as moontlik gekyk na korrelasies om sekere afleidings te probeer maak. Hoewel die afleidings nie as wetenskaplik korrek beskou kan word nie, weens die klein groepie deelnemers asook die invloed wat die faktore op mekaar het, kon sekere tendense oor die jare waargeneem word.

Uit jaarlikse verslae het die volgende faktore 'n invloed op 'n beter opbrengs:

- saai tyd (hoe vroeër, hoe beter);
- 80 kg/ha stikstof;
- goeie onkruidbeheer;
- 'n plantdigtheid van 4 kg/ha; en
- beter beplanning van insette.

Die verslae het ook knelpunte uitgewys:


- slakke; en
- lae vlakke van swawel in die grond.

Gedurende 2009 het die PNS ook 'n opname onder canola- én niecanolaprodusente van stapel gestuur. Verskeie redes is gelys waarom sekere produsente nie canola wou verbou nie, asook probleme wat canolaprodusente met die produksie van canola ondervind het. Die niecanolaprodusente het gesê hulle wil eerder met vee op medics boer en dat canolaopbrengste volgens hulle baie wisselvallig is. Die canolaprodusente het weer probleme met bv. oesverliese en onvoldoende oesgereedskap. Hierdie knelpunte is veral met die niecanolaboere bespreek om negatiewe persepsies te besweer. Dit is gedoen in persoonlike gesprekke, tydens boere-inligtingsdae, met massamedia (radio, gewilde artikels, ens.) en om winners van die kompetisie as goeie leierboere te identifiseer.

Aangesien die canolakompetisie een van die hoofvoorligtingaksies in die Swartland was om canolaproduksie te bevorder, illustreer die volgende grafieke die invloed van tegnologieoordrag op veral opbrengste en winsgewendheid van canola.

➤ **Resultate:** Grafiek 1 illustreer die toename van canolaopbrengs vs. reënval sedert die aanvang van die kompetisie. Behalwe 2003 en 2004, wat buitengewoon droë jare was, het die canolaopbrengs geleidelik gestyg van 1.35 t/ha tot 1.81 t/ha, hoewel die reënval nie noemenswaardig gestyg het nie.

Die redes hiervoor kan grootliks toegeskryf word aan verbeterde produksietegnieke en beter kultivars wat die deelnemers gesaai het.



Grafiek 2 illustreer die verbetering van wins (marge ná gespesifiseerde kostes) sedert die aanvang van die kompetisie. Lae winsmarges is in 2003 en 2004 behaal weens droogtes, en ook in 2008 en 2009 weens wêreldwye lae kommoditeitspryse. Daar was egter 'n stygende tendens in die winsgewendheid van R849/ha in 2001 tot R3 446/ha in 2012 (marge ná gespesifiseerde kostes). Daar was ook 'n toename in die totale oppervlakte canola gesaai/plant in die Swartland vanaf ongeveer 6 000 ha in 2001 tot ongeveer 14 000 ha in 2013.

Hoewel die oppervlakte onder canola in die Swartland oor die tydperk van hierdie voorligtingsprojek verdubbel het, is daar nog heelwat ruimte vir 'n verdere toename in oppervlakte vir canolaproduksie. Nadat 'n tussentydse evaluasie (2009) gedoen is, is verskeie knelpunte geïdentifiseer waarvoor oplossings gesoek moet word. Dit sal egter deur voorligting of verdere navorsing aangespreek word. **AP**

